# HOËRSKOOL BRANDWAG

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

GRAAD 9 VRAESTEL 2

NOVEMBER EKSAMEN 2022

| | | |
|---|---|---|
| EKSAMINATOR | : | Mev C De Rouwe |
| MODERATOR | : | Mnr Van der Mescht |
| TYD | : | 90 min |
| PUNTE | : | 80 |
| ONDERWERPE | : | EKONOMIE, EN ENTREPRENEURSKAP |

Naam en Van________________________________________

| Vraag 1 | Vraag 2 | Vraag 3 | Vraag 4 | Vraag 5 | Vraag 6 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| (15) | (10) | (20) | (15) | (15) | (5) | **(50)** |

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie eksamen vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Alle vrae is VERPLIGTEND.
3. Lees deur die vrae noukerig en maak seker dat jy genoeg tyd aan elke vraag spandeer.
4. Beantwoord alle vrae op die antwoordblad.
5. Skryf netjies en leesbaar.
6. STERKTE!

## INHOUD EN TYDSBEREKENING

| AFDELING | ONDERWERP | PUNTE | TYD In minute |
|---|---|---|---|
| **Afdeling A** | **Kwartaal 3 en 4** | | |
| | | | |
| Vraag 1 | Kwartaal 3 en 4 | 15 | **20** |
| Vraag 2 | Funksies van 'n Sakeonderneming en Sakeplan | 35 | **30** |
| Vraag 3 | Funksies van 'n Sakeonderneming | 15 | **20** |
| Vraag 4 | Finansiële plan | 15 | **20** |
| | | | |
| **TOTAAL** | | **80** | **90Min** |

**AFDELING A**

**VRAAG 1: KORT VRAE** **(15 punte)**

**VRAAG 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE** **(5 minute)**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir elke vraag gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraag nommer (1.1.1-1.1.5) neer.

1.1.1 Watter EEN van die volgende is NIE deel van die formaat van 'n sakeplan nie?

A Dekblad

B Finansiële plan

C Openbare betrekkinge

D Produksieplan

(1)

1.1.2 Om mededingende voordeel te hê beteken....

A om een stap voor jou mededinger te wees.

B om jou produk goedkoper te bemark.

C om jou produk dieselfde te bemark as jou mededinger.

D om jou produk duurder te bemark.

(1)

1.1.3 Die ............ bestuursfunksie gaan oor die bestuur van die onderneming en sluit alle ander funksies van die onderneming in.

A Aankope

B Produksie

C Algemene bestuur

D Administrasie

(1)

1.1.4 Identifiseer die risiko wat nie pas by die van administrasie nie.

A Verlies aan dokumente as gevolg van vuur, oorstroming of diefstal.

B Kragonderbrekings kan toegang tot elektroniese inligting beperk.

C Ken jou kliënte se behoeftes.

D Vertrouensbreuk en die uitlek van belangrike inligting.

(1)

1.1.5 … is 'n duidelike en inspirerende stelling wat duidelik uiteensit wat jy oor 'n langtermyn wil bereik.

A Doelwitte

B Misiestelling

C Produksieplan

D Visiestelling

(1)

**[5]**

**VRAAG 1.2: PAS KOLOM A BY B** **(10 minute)**

Pas die beskrywings/voorbeelde uit KOLOM B by die terme in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-F) langs die vraagnommer neer bv 1.2.6 H.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 1.2.1 Gelykbreekpunt | **A** Bestuur verskillende departemente. |
| 1.2.2 Geprojekteerde wins | **B** Is verantwoordelik vir belangrike besluite soos strategiese beplanning en belegging. |
| 1.2.3 Topbestuur | **C** Dit is 'n aanduiding van hoeveel eenhede verkoop moet word om al die uitgawes te dek. |
| 1.2.4 Middelvlakbestuur | **D** Koop alles wat die besigheid benodig. |
| 1.2.5 Produksie | **E** Het spesifieke areas, take of groepe mense wat hulle moet lei. |
| | **F** Berekening wat aandui hoeveel wins die onderneming verwag om te maak. |
| | **G** Besluite gaan oor insette en uitsette. Alle besluite handel oor die maak van 'n produk. |

**[5]**

**VRAAG 1.3: WOORD BANK** **(5 minute)**

Voltooi die volgende stellings deur die mees geskikte woord in die onderstaande boks te kies.

| |
|---|
| Vaste koste; Veranderlike koste; Gelykbreekpunt; Visiestelling; Ekonomiese opbrengs; Werwingsprosedure; Oprigtings Onderhoudvoering; Geprojekteerde Koste; Winsopslag |

1.3.1 ....koste verwys na die hoeveelheid geld wat die eienaar nodig het om 'n onderneming van die grond af op te bou. (1)

1.3.2 ...verwys na hoeveel personeel jy beplan om aan te stel en vanwaar jy hulle gaan verkry. (1)

1.3.3 ...koste wat dieselfde bly ongeag die hoeveelheid van die produk wat jy verkoop. ( )

1.3.4 ........ verwys ook na die punt waar jy begin om wins te maak. (1)

1.3.5 ... 'n uitleg van die hoofdoel van die onderneming en 'n verduideliking van hoekom die onderneming bestaan. (1)

**[5]**

**[15]**

**VRAAG 2: FUNKSIES VAN 'N SAKEONDERNEMING** **(30 minute)**

**2.1 Beantwoord die volgende vrae;**

2.1.1 Benoem AL AGT funksies van 'n sakeonderneming (neem in ag die rangskiking van die funksies is noodsaaklik nie). (8)

2.1.2 In 'n besigheid/ onderneming kort die organisasie 'n department of personeel wat opgelei is om te verseker dat die personeel gelukkig is, gekwalifiseerd is en die nodige opleiding ontvang. Identifiseer die funksie wat hierby pas en benoem ook VIER rolle / belangrikhede van die funksie.

(5)

**2.2 Lees die onderstaande berig en beantwoord die vrae wat volg.**

| |
|---|
| Don Picketson het Besigheidsbestuur gestudeer en nadat hy dit voltooi het, het hy sy eie besigheid Den Skryfbehoeftes wat skryfbehoeftes verkoop gestig in 'n plaaslike inkopiesentrum. Hy is die alleeneienaar van die "Pick a Box" goedere en produkte mark, hy het drie werknemers wat hom help met sy besigheid. Sy besigheid sukkel tans met kapitaalvloei, dus is dit moeilik om so effektief as moontlik voort te gaan. Die werknemers het 'n tekort aan doeltreffende kommunikasie vaardighede en bevind hulself gereeld in 'n konflik situasie met kliënte. Sy besigheid se goegrafiese ligging is in 'n area met 'n hoë persentasie syfer van misdaad en werkloosheid. Die "Pick a box" Supermark is die enigste besigheid wat skryfbehoeftes verkoop in die omgewing. Die plaaslike koerant het ingestem om 'n advertensie gratis in die koerant te plaas vir 'n tydperk van 12 maande. |

2.2.1 Na aanleiding van die gevallestudie stel 'n SSGB analise op vir Don Picketson se besigheid. Identifiseer waarvoor staan SSGB, gebruik die gevallestudie om jou analise op te stel. (8)

2.2.2 Verbeel jou jy is die redakteur van die plaaslike koerant. Ontwerp 'n **klein** advertensie vir sy besigheid. Identifiseer ook die kenmerke van 'n goeie advertensie.

| Punte word toegeken vir die volgende faktore van die advertensie | |
|---|---|
| • Naam | (1) |
| • Eienaar se besonderhede | (1) |
| • ABBA definiering | (4) |
| • Neem ook die hoë werkloosheid syfer in ag maar die lae kontantvloei ook | (2) |
| • Kreatiwiteit | (1) |
| • Netheid | (1) |

(10)

**2.3 Verskeie departemente in 'n besigheid word in die kolom hieronder gegee.**

| |
|---|
| Finansiële bestuur; Bemarkingsbestuur; Produksiebestuur; Administrasie bestuur; Risikobestuur; Menslike hulpbronne; Verkope; Openbare betrekking |

**Kies die bestuur wat in die boonste blok gegee word om by die volgende stellings te pas;**

2.3.1 Nomonde se werk in die besigheid is om die telefoon op te tel, eposse te stuur, data in te lees en om inligting te analiseer.

(1)

2.3.2 Mr Thomas is verantwoordelik vir die beheer, geldopname, opstel van begrotings en voorbereiding van ikomste en uitgawes.

(1)

2.3.3 Mr Swagger is verantwoordelik om seker te maak dat produkte en dienste beskikbaar is teen die regte hoeveelheid en kwaliteit.

(1)

2.3.4 Mr Don Picketson het tans 'n pos beskikbaar vir 'n werknemer. Sy/haar verantwoordelikheid sal wees om die publiek te kry om die besigheid in 'n positiewe lig te sien en wins te verhoog.


(1)

(1x4)(4)

**[35]**

**VRAAG 3: VLAKKE EN FUNSKIES VAN BESTUUR.** **(20 minute)**

**Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat volg.**




3.1 Beskryf die bestuurstruktuur van 'n skool. (6)

3.2 Watter vlak van bestuur het die meeste gesag en verantwoordelikheid? (1)

3.3 Identifiseer TWEE risikos wat mag onstaan in 'n algemene bestuurs funksie, TWEE kenmerke sowel as VIER rolle van belangrikheid wat in die bestuur voorkom. (8)

**[15]**

**VRAAG 4: FINANSIËLE PLAN** **(20 minute)**

**Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die volgende vrae wat volg.**

*(Om die berekening uit te kan werk maak gebruik van die gegewe* ***formuleblad aan die einde van die toets.****)*

| |
|---|
| Mary het haar studies opgeskort na die dood van haar pa en as die oudste kind was sy verantwoordelik vir die familie. Alhoewel sy geen ervaring het nie, het sy besluit om die “Weekend Child Care Centre” te stig wat sy uit haar ouers se motorhuis bedryf. Haar diens is slegs beskikbaar oor naweke. Dit het haar R20 000 gekos om haar besigheid te stig asook om die nodige produkte te koop vir die sentrum soos bv, baba-beddens, komberse, speelgoed ens. Sy het ‘n besigheidsplan opgestel waarmee sy nog beleggers wil lok. Sy het twee dames assistente in diens geneem. Haar onderneming lok baie ouers wat werk gedurende die naweek. Mary betaal R2 000 huur by haar ouers elke maand. Haar ouers bly ongeveer 10 km weg van haar huis af, dus met die verandering van die petrol pryse is haar bedrag wat sy bestee elke maand aan petrol onvoorspelbaar tans betaal sy R 1 200 maandeliks aan petrol. Mary vra slegs R1 500 per kind per maand. Dit sluit in kos, melk, speelgoed en onderrig. Die kos en melk se hoeveelhede en bedrae (R3500 per maand) hang elke maand af na die hoeveel kinders per maand. Dit kos Mary R800 per kind per maand. Sy en haar werknemers versorg elke maand na ongeveer 30 kinders. |

4.1.1 Definieer die term finansiële plan. (1)

4.1.2 Definiseer die term sakeplan. (1)

4.1.3 Identifiseer die oprigtings koste, vaste koste en veranderlike koste uit die gevallestudie. (3)

4.1.4 Bereken die persentasie winsopslag van sy besigheid. Gebruik die formuleblad. Kyk na die punte toekenning.

(4)

4.1.5 ***Bereken ook die hoeveel wins die onderneming verwag om te maak***? Gebruik die formule blad. Kyk na die punte toekenning. Punte sal nie toegeken word vir net die antwoord nie. (wenk geprojek…..)

(6)

**[15]**

---

**GROOT TOTAAL 80 PUNTE**

**FORMULEBLAD (gebruik om vraag 4.1.4 en 4.1.5 te beantwoord)**

| | |
|---|---|
| $\frac{\text{Verkoopprys - Kosprys}}{\text{Kosprys}} \times 100$ | **Winsopslag × Hoeveelheid eenhede verkoop** |
| $\frac{\text{Geprojekteerde wins}}{\text{Oprigtingskoste}} \times 100$ | $\frac{\text{Vaste koste}}{\text{Verkoopsprys per eenheid – veranderlike koste per eenheid}}$ |
| | **Winsopslag = verskoopprys –kosprys** |